Keer terug na die Teenwoordigheid van God

Deo Credo Kwartaal blad

Augustus – Oktober 2026

Psalm 42:2

Soos 'n hert wat smag na waterstrome,

so smag my siel na U, o God!

INHOUDSOPGAWE

GEDAGTE VIR U Pastoor Gerard	3 - 4
VROUEAKSIE Pastoor Belinda	5
GOUE GERWE Pastoor Jacques	6 - 7
KRUISTOG Eben Gerber	8 - 9
CREDO JEUG Damian Pienaar	11 - 13
KINDERKERK Pastoor Belinda	14 - 15
EL SADDAI BERADING Brigitte Lombard	16
DIENSTYE & INLIGTING	17 - 18
VERJAARSDAE & HERDENKINGS	19 - 23

Bankbesonderhede:

Standard bank

Deo Credo

Tjek no: 021 894 981

Tak no: 014737

DIE HANDE MET DIE MERKE

‘n Jong man het aansoek gedoen vir ‘n bestuurspos by ‘n groot maatskappy. Hy het die eerste onderhoud suksesvol afgelê, en daar was ‘n opvolg onderhoud gereël sodat hy die direkteur van die maatskappy kon ontmoet.

Deur sy CV het die direkteur gesien dan die jong man se akademiese prestasies van uitstekende gehalte was.

Die direkteur het na die jong man gekyk en vir hom gevra: "Het jy enige beurse gehad waarmee jy gestudeer het?" en die jong man het geantwoord : "Nee"

"Was dit jou vader wat al jou studie geld betaal het"

"Nee," se die jong man weer, "My vader is oorlede toe ek een jaar oud was, dit was my moeder wat vir al my studies betaal het."

" Waar het jou moeder gewerk?"

"My moeder het ander mense se klere gewas "

Die direkteur vra toe die jong man om sy hande vir hom te wys. Die jong man het sy hande uitgesteek en verbaas na die direkteur gekyk. Wat sou sy hande met die onderhoud te doen hê. Die direkteur het na die jong man se hande gekyk, hulle was glad en perfek versorg.

" Het jy ooit jou moeder gehelp om die wasgoed te was?"

"Nooit, my moeder wou altyd hê ek moet lees, en studeer, en buitendien kan my moeder wasgoed baie vinniger en skoner was as wat ek ooit kon droom om dit te doen."

Die direkteur se toe vir die jong man, "Ek wil hê jy moet huis toe gaan vandag, en dan moet jy jou moeder se hande met room smeer, en dan sien ek jou weer môreoggend hier"

Die jong man het gevoel hy kan dalk die werk kry, en hy is huis toe om vir sy moeder te vertel van die onderhoud. Toe hy later by haar sit, sê hy vir sy moeder hy wil graag haar hande room smeer. Vir die moeder was dit ’n snaakse versoek, maar met gemengde gevoelens het sy die buisie room na hom toe uitgehou, en toe haar hande uitgesteek na hom toe.

Die jong man het sy moeder se hande in syne geneem, en toe begin die trane oor haar hande rol, vir die eerste keer in sy lewe het hy gesien hoe vol plooi, en eelte sy moeder se hande was. Plek plek was die hande oopgebars, en het sy ineen getrek toe hy dit saggies met room begin invryf.

Dit was die eerste keer dat die jong man besef het dat daardie paar hande wat soveel bondels wasgoed gewas het, vir sy studiegeld betaal het. In ysige winter koue, en stomende somer hitte, het sy onverpoosd gewerk. Daardie vereelte hande het sy toekoms rooskleurig geverf. Daardie stukkende hande het gesorg vir ‘n uitstekende geleerdheid.

Na hy sy moeder se hande goed gesmeer het, het hy die volgende bondel wasgoed opgetel en stil stil daarmee verdwyn om dit vir haar te gaan was.

Daardie aand het moeder en seun tot baie laat gesels.

Die volgende dag het die jong man weer aangemeld by die direkteur vir sy onderhoud.

Hy het gesien die trane sit nog baie vlak in die jong man se oë. "Het jy toe gedoen wat ek vir jou gesê het?" het hy gevra.

"Ja, ek het my moeder se hande room gevryf, en toe het ek die res van die wasgoed vir haar gewas. Ek het nou eers besef dat ek nooit waardering gehad het, vir dit was sy al die jare vir my gedoen het
nie. Sonder haar sou ek nie vandag vir hierdie pos kon aansoek doen nie. En toe ek gister daardie vreeslike bondel wasgoed was, toe voel dit asof my skouers wil afskeur. Toe besef ek eers hoe groot haar opoffering was al die jare.

"Die pos is joune, eers as iemand waardering en dankbaarheid kan betoon, is hy gereed vir so ‘n pos.

Kyk vandag om jou rond, daar is baie mense wat baie opgeoffer het in die lewe om ons te gee wat ons vandag het.

En dan is daar ‘n Hemelse Vader wat alles opgeoffer het, sodat ek en jy nie nodig het om gestraf te word vir al ons verkeerde dade nie. Kyk na Sy Hande vandag, Hulle dra die merke van hoe Hy vir ons gely het, hoe Sy liefde ons straf gedra het. Het ons al vir Hom die nodige dank en waardering gewys vir die merke op Sy Hande?

Kom ons maak hierdie dag anders, Kom ons wys waardering aan al ons geliefdes, en kom ons wys dankbaarheid en waardering aan ons Hemelse Vader wat so mooi na ons kyk. Sonder Sy opoffering sou ons lewens baie anders verloop het.

GENIET JOU DAG

Vroue aksie

“As jy botter in die huis het, smeer dit dik – moenie skaam wees nie.
” Vir haar was botter nie net iets wat jy op ’n sny brood sit nie. Nee, botter was ’n gebeurtenis. ’n Dankbare oomblik. Daardie smeersel egte botter op vars gebakte brood – dís wanneer jy weet, vandag is ’n goeie dag. Vandag is ’n botter dag. Deesdae voel die lewe soos margarien-dae. Daardie bleek smeersel wat sê dit is “laevet” en “cholesterol-vriendelik”, maar in jou hart weet jy dis nie regtig lekker nie. Dis die goedkoopste opsie. Dit smeer makliker, hou langer en is meer prakties.
Maar niemand skryf liefdesgedigte oor margarien nie. Daar is niemand wat sê: “Mmm, vat nog ’n stuk roosterbrood, hierdie margarien is darem uit die boeke!”
Ons lewe ook meer in margarien-tye. Alles voel bietjie plastiek. Mense lag, maar dit klink soos “voice notes” met 'n filter op. Jy vra hoe dit gaan, en kry die generiese antwoord: “Goed dankie”. Dis asof almal net smeer om te oorleef. Dun, vinnig, maklik afspoelbaar en sonder geur. Sonder daardie vet, vol smaak van egtheid.
’n Botter-lewe? Dis wanneer jy weet jy kan maar dik smeer – tyd, aandag, liefde, moeite. Dis daardie vriende wat kom sit sonder om op hul horlosies te kyk. Dis kinders wat by jou Sondag kom eet, want Ma het regte egte botter in die pampoen gesit. Jou man wat vir jou koffie maak voordat jy vra. Dis gesels sonder haas, lag sonder voorgee. Dis vet. Dis vol. Dis ryk. Dis eg.
Maar nou leef ons in margarien-dae. Jy vat ’n plastiekmes, smeer dun oor die realiteit van die lewe en hoop dit hou jou brood vars. Alles is bietjie minder – minder tyd, minder kontak, minder egtheid. Mense sê margarien is gesonder. Miskien. Maar is dit lewe?
Ek sê nie margarien is sleg nie. Hy het sy plek. Maar ek wil net nou en dan daardie botterdag hê. Daardie dag waar jy nie na die vetinhoud kyk nie. Waar jy môre se bekommernisse afvee met ’n servet en sê, “Vandag smeer ek dik.”
En dalk, net dalk kan ons leer om weer bottermense te wees. Mense wat voluit gee, sonder om altyd bang te wees vir hoë cholesterol emosies. Mense wat eg is, opreg van hart, warm van gees.
Want ja, margarien hou langer – maar botter bly lekkerder. En die lewe, my liewe mens, is te kort vir dun smeer.

~ Goue Gerwe Blad ~

God is nie klaar met jou nie

Liewe Goue Gerf,
Jou hare mag grys geword het en jou liggaam mag nie meer so sterk wees soos vroeër nie, maar in God se oë bly jy kosbaar en waardevol. Die jare wat agter jou lê, is nie verlore jare nie – dit is getuienisse van God se trou.
Die Here vergeet nie sy kinders wanneer hulle oud word nie.

Jesaja 46:4 sê, ***"Tot julle ouderdom toe is Ek dieselfde, tot julle grysheid toe sal Ek julle dra. Ek het dit gedoen en Ek sal julle opneem; Ek sal dra en red."***
Miskien voel jy soms alleen, swak of asof jou beste dae verby is. Maar God kyk anders. Hy sien jou gebede, jou geloof, jou volharding en die nalatenskap wat jy vir jou kinders en kleinkinders agterlaat.
Moenie dink jou diens aan die Here is verby nie. Jou gebede het krag. Jou wysheid het waarde. Jou geloof is 'n inspirasie vir die jonger geslag.
Psalm 92:13–15 verwys dat die regverdiges selfs in hul ouderdom nog vrug sal dra. Jy kan steeds 'n seën wees, steeds hoop bring en steeds die liefde van Christus uitleef.
Daarom hou moed. Die Here stap vandag nog langs jou. Hy sal jou nie begewe of verlaat nie. Die beste bestemming lê nog voor – die dag wanneer ons ons Verlosser van aangesig tot aangesig sal sien.
Mag die vrede van Christus jou hart vul, jou krag elke dag vernuwe en jou herinner dat jy diep geliefd is deur God.
Mag die Here jou gebruik om hierdie woorde as troos en hoop aan ander bejaardes oor te dra.

Liefde Groete,
Past. Jacques.

Goue Gerwe Gebeure

- Dit is elke Dinsdagoggend om 09h00. Ons nooi U uit, kom met ‘n verwagting en sien wat die Here vir jou kan doen. Elke Dinsdagoggend is daar iets anders en dit beloof altyd om ‘n groot seën in te hou. Met elke biduur is daar ‘n bederf. Kom geniet en kuier lekker saam.

- Ons is steeds besig met die reeks om die tema van *“Getemperde Geloof.”* U word vriendelik uitgenooi om te kom luister wat die tema vir U inhou. Dit beloof om baie leersaam te wees.

Ons loots projekte vir fondsinsameling vir ons jaar afsluiting.
Sien foto aangeheg waarby die Goue Gerwe besig is mee.
Ons nooi die Gemeente uit om ons te ondersteun in die projekte. Sonder u kan dit nie ‘n sukses wees nie. Plaas u bestellings by Hannie indien u van die brood borde wil aanskaf.

Hier ‘n paar foto’s waarby ‘n bywoning is van ons Goue Gerwe biduur en selfs die bederf vir lekker kuier en samesyn na elke Goue Gerwe Biduur –

NUUSBRIEF

LEWE IN OORVLOED

My gedagte vir u kom uit **Johannes 11**, waar ons lees van die opwekking van Lasarus uit die dood.

Jesus sê in **Johannes 11:25** vir Martha

"Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."

Hierdie lewe waarvan Jesus praat, het 'n prys. Ons moet ons lewe aan Hom oorgee en Hom aanneem as ons Saligmaker en Verlosser.

Galasiërs 2:20 sê

"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

Wanneer ons deur die Heilige Gees vernuwe word, begin ons daarna strewe om soos Jesus te leef. Ons moet Sy lig weerspieël en elke dag streef na heiligmaking. Die ou dinge van die wêreld moet ons aflê, want ons is nou bloed gewaste kinders van God.

God se teenwoordigheid behoort nie net deel van ons lewens te wees op Sondae of tydens gemeente byeenkomste nie, maar elke dag, oral waar ons beweeg. Die Woord sê immers: **"Wees heilig, want Ek is heilig."** Laat ons daarna streef om elke oomblik meer soos Christus te word. Moenie jou lig wegsteek nie – laat ander dit sien. Ons is geskape vir 'n tyd soos hierdie om met ander die lewe te deel wat Jesus aan ons gee.

Gedurende hierdie kwartaal het die **Kruistog-bediening** weer die voorreg gehad om mense op straat te bedien.

Op **23 Mei** het ons voor die Absa Bank en die Poskantoor in Vanderbijlpark uitgereik. Ons het warm sop en broodjies uitgedeel, maar belangriker nog, die Woord van redding deur die bloed van Jesus verkondig. Dit was 'n groot voorreg om saam met 'n gewillige span medewerkers te dien. Ons beplan beslis om dit weer te doen. Indien jy graag saam met ons wil uitreik, kontak my gerus.

Op **27 Junie** het ons 'n diens by **Pioneer Huis** gehou waar Pastoor Gerard die Woord bedien het. Ons het saam gesing, gekuier en weer die liefde van God met ander gedeel. Jy is baie welkom om saam met ons te kom dien. Daar is altyd 'n tekort aan arbeiders in God se oesland.

Romeine 1:16 herinner ons:

"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek."

Kom werk saam met ons terwyl ons die evangelie van Jesus Christus in Vanderbijlpark uitdra.

Sterkte met die nuwe kwartaal. Mag die Here u ryklik seën in alles wat volgens Sy wil is.

Vir enige navrae oor die Kruistog-bediening kan u my of enige Kruistog- medewerker kontak.

Kontaknommers:

Kruistog: **083 317 2434**
Kerkkantoor: **064 798 9982**
Alternatiewe kontak: **073 265 3526**

Kruistog-groete.

CREDO YOUTH

Damian 084 490 8387
Kaitlyn 084 417 3646
jeug@deocredo.co.za

Deo Credo Gemeente
20 President Steynstr
Vanderbijlpark S.E.1.

Credo Youth Nuus – Kwartaal 3 • 2026

Ons wil graag vir elkeen baie dankie sê vir julle liefde, ondersteuning en gebede vir Credo Youth.

Ons is ongelooflik dankbaar vir dit wat die Here gedurende die afgelope kwartaal gedoen het, en vir die opgewondenheid wat weer onder ons jongmense aangewakker is vir die dinge van die Here. Dit maak ons harte opreg bly om te hoor dat die jeug sommer teleurgesteld raak wanneer ons vir die skoolvakansie moet breek.

Ons sien met groot verwagting uit na alles wat die Here in die kwartaal wat voorlê gaan doen.

Hoogtepunte van die afgelope kwartaal Worsbroodjie-verkope

Ons worsbroodjie-verkope was 'n groot sukses!

Baie dankie aan almal wat 'n worsbroodjie gekoop het, gehelp het met die voorbereiding, of sommer net die woord versprei het.

'n Spesiale woord van dank aan **Vaal Foodzone** wat ons toegelaat het om voor hul winkel te verkoop. Ons waardeer hulle ondersteuning van ons jeugbediening ongelooflik baie. Sonder sulke geleenthede sou dit baie moeiliker wees om fondse vir ons projekte en aktiwiteite in te samel.

Jeugopleiding by Impak Kerk

Ons jeugleiers het gedurende Junie die jeugopleiding by **Impak Kerk** bygewoon.

Dit was 'n ongelooflik waardevolle dag waar ons nuwe idees, praktiese hulpmiddels en inspirasie ontvang het. Ons is opgewonde om dit wat ons geleer het terug te bring na Credo Youth en dit in ons bediening toe te pas.

Ons glo dit gaan ons help om ons jongmense nóg beter te bedien en hulle verhouding met die Here verder te versterk.

Isaiah 54:10: Though the mountains be shaken and the hills be removed, yet my unfailing love for you will not be shaken nor my covenant of peace be removed," says the Lord, who has compassion on you.

JEUG DIENSTE

Ouderdom 13 - 22

Vrydae @ 18h30

Waarna sien ons uit? Credo Youth Geel Bladsye

Ons het onlangs 'n nuwe projek begin — **Credo Youth Geel Bladsye.**

Die idee is eenvoudig:

Hoekom buite die gemeente na 'n diens soek as die regte persoon dalk reeds langs jou in die
kerk sit?

Hierdie projek gee besighede en tuisondernemers die geleentheid om hul dienste te adverteer en
terselfdertyd Credo Youth te ondersteun.

Kostes:

- Geregistreerde besighede: **R300 per kwartaal**
- Tuisondernemers: **R150 per kwartaal**

Vir navrae of registrasie:
geelbladsye@deocredo.co.za

Uitdagingsaande (Games Night)

Ons is baie opgewonde oor ons splinternuwe **Uitdagingsaande** wat hierdie kwartaal afskop!

Dit is 'n maandelikse speletjie-aand waar spanne teen mekaar meeding in verskillende uitdagings. Daar is maandelikse pryse vir die wenspan, en aan die einde van die jaar word 'n algehele kampioenspan aangewys. Maar dis nie net oor wen nie...
Dit is 'n geleentheid waar jongmense, gesinne en vriende saam kan kuier, lag, nuwe mense ontmoet en herinneringe maak.
Elke span bestaan uit **6 lede**, en daar is afdelings vir:

- Jeug (16–21 jaar)
- Jong Volwassenes (22–40 jaar)
- Middeljariges (40–59 jaar)
- Seniors (60+)

Spaninskrywing beloop **R60 per span**, en daar is bekostigbare pryse, eetgoed en verversings beskikbaar.
Ons nooi die hele gemeente om saam deel te wees van hierdie lekker aand! Hou die spasie dop
vir die datums!

Dankie dat julle saam met ons bou.
Elke keer wanneer julle 'n fondsinsameling ondersteun, vir ons bid, of sommer net belangstelling toon in wat by Credo Youth gebeur, help julle om 'n verskil in 'n jongmens se lewe te maak.
Baie dankie dat julle saam met ons in die volgende generasie belê. Ons waardeer elkeen opreg. *"Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid."*
- 1 Timoteus 4:12
Groete - Die Credo Youth-span

YOUTH 101
WORKSHOP

IMPAK
KERK

CREDO YOUTH
DEO CREDO

Liewe Credo Kidz en Ouers

Welkom by 'n nuwe kwartaal! Ons is baie opgewonde om saam met elkeen van julle hierdie kwartaal meer van Jesus te leer.

Onthou, God is altyd by jou – by die huis, by die skool en wanneer jy speel. Hy het jou wonderlik gemaak en het 'n spesiale plan vir jou lewe. Moenie bang wees om vriendelik te wees, ander te help en Jesus se liefde met almal te deel nie.

Ons bid dat hierdie kwartaal gevul sal wees met vreugde, nuwe vriendskappe, baie pret en kosbare oomblikke waarin julle nader aan God groei. Onthou die woorde van Josua 1:9: "Wees sterk en vol moed. Moenie bang wees nie, want die Here jou God is by jou oral waar jy gaan."

Ons sien daarna uit om elke Sondag saam met julle te lag, te leer, te sing en God te aanbid.

Mag die Here julle elke dag seën en beskerm.

Met baie liefde,
Die Credo Kidz-span

Willie en die Wenspan

DEO CREDO
Geloof in God

kom kuier in VANDERBIJLPARK!

KOM SING EN DANS SAAM!

Deo Credo Familiekerk
20 Pres Steyn Str, SE1
Vanderbijlpark

20 September 2026

09h00

Gratis

Bring die hele familie na die gesinsdiens!

Kom sing en Dans saam
Laerskole en Kleuterskole

Navrae: Past Gérard 082 4465 303

Al sou die vyeboom nie bot nie, Here,
en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie,
Al sou die olyf-oes misluk,
en die lande geen oes lewer nie

En al sou die verlang tot diep in my oë gaan lê,
en die bang en onsekerheid
bietjies-bietjies in my hart wegkruip,

Al sou die pad kilometers vol grond
en die gate voor my voete uitloop,
en my hart se probeer moeg raak.

Al sou my oë sukkel om die son raak te sien,
die son wat U elke dag op my pad kom neersit.

Al sou my kop aanhou probeer
om my hart te verstaan, en my
bid party dae moeg voor U kom kniel,
nogtans sal ek in U bly glo.
Sal ek glo dat U hart goed is, en liefde is.

Nogtans sal ek elke more stil luister
of ek U stem hoor.
Want dit is U wat vir my die krag gee
om elke oggend op te staan en my
stukkie pad voluit te stap.

Dit is U wat my hart se huil stil maak
en die stukkies verlang gaan wegbêre.
daar waar dit hoort.

Dit is U wat die verlede se onthou
toevou in U hande, en dit eenkant neersit,
daar waar dit my nie meer kan raak sien nie.

Dit is U wat langs my kniel en my optel,
as die pad vir my te lank word.

Daarom sal ek glimlag oor U. Daarom sal ek
elke oggend U vrede diep in my hart gaan wegbêre.
Daarom sal ek my kop oplig en die lewe stil in die oë kyk …
want U Here, loop saam met my. Elke dag. Altyd.
En dit is vir my genoeg.

KONTAK: Brigitte Lombard 082 446 7694

NORMALE DIENSTYE:

PowerHour	Sondae	07h15
Kinderkerk	Sondae	09h00
Sondagdienste	Sondae	09h00 & 17h00
Seniors biduur	Dinsdae	09h00
Huis sel	Dinsdae	19h00
Vroue biduur	Woensdae	09h00
Jeug byeenkoms	Vrydae	18h30

1ste Sondag – Nagmaal
2de Sondag – Nuwe Medewerkers voorstelling
3de Sondag – Doop en Inseënings
Laaste Sondag – Verjaarsdae en Huweliksherdenkings

SKOLE OPE OP 21 JULIE
DAARMEE SAAM DIE VOLGENDE BYEENKOMSTE:
Vroue biduur – 22 Julie
Jeug – 24 Julie
Kinderkerk – 26 Julie
Goue Gerwe biduur – 28 Julie

Indien u Voorgestel of gedoop wil word, u kind laat inseën, 'n begrafnis reël of in die huwelik bevestig wil word kan u gerus die kerkkantoor skakel om die nodige reëlings te tref.

Kantoor ure
Maandae tot Woensdae
08h00 – 12h00
Sel: 073 265-3526

NB!!! Vir BEGRAFNIS reëlings kontak asseblief EERS die kerkkantoor om te bevestig of ons wel beskikbaar is om u te help op die betrokke datum en tyd wat u die begrafnis beplan, VOORDAT u met die begrafnis ondernemers reëlings tref.

Datums om te onthou

Attie de Wet	079 672-3614	01-Aug
Christine Simon	062 980-3726	03-Aug
Kevin Gertzen		04-Aug
Jorrie Jordaan	082 356-6257	04-Aug
Craig Engelbrecht	083 786-6908	05-Aug
Feddie Potgieter	082 551-5112	05-Aug
Janré Viljoen		05 Aug
Mina Nel	079 519-9606	08-Aug
Marthinus Schamrel	062 007-6971	08-Aug
Ina Vosloo	078 516-0053	11-Aug
Elize van Heerden	082 585-9289	16-Aug
Pastoor Gerard Botha	082 446-5303	18-Aug
Alet Erasmus	083 442-2354	19-Aug
Annatjie Jacobs	074 433-2220	19-Aug
Rudolph Jordaan	082 332-0254	22-Aug
Hester Botha	072 368-6113	23-Aug
Nannie Denton	082 563-7056	23-Aug
Alta du Preez	068 062-2830	23-Aug
Boet Kruger	073 383-6802	24-Aug
Amor Moore	068 613-0629	26-Aug
Leoni Stander	073 042-5090	26-Aug
Cynthia Gerber	083 630-2399	28-Aug
Jan Erasmus	073 258-0043	30-Aug
Santa du Preez	072 536-5894	31-Aug
Jopie Luczyn	060 905-8480	31-Aug
Adam Stander	082 890-5551	31-Aug

Gerdie van Schalkwyk	067 086-3720	01-Sept
Marie Vorster	081 309-7215	02-Sept
Jaco Botha	072 303-5083	03-Sept
Trudie Du Randt	062 935-1091	03-Sept
Etienne Human	082 461-4166	03-Sept
Hans Roos	074 822-2000	05-Sept
Johan van der Walt	082 439-4387	05-Sept
Theuns van Jaarsveld	082 899-2965	05-Sept
Tertia Lawrence	062 448-9031	08-Sept
Klein Stapelberg	076 657-6725	08-Sept
Sarah Labucshagne	076 029-2160	09-Sept
Debbie Douglas	082 357-0272	12-Sept
Francis de Bruyn	073 195-3105	13-Sept
Thinus Brits	079 996-8247	15-Sept
Lydia Human	064 534-7746	17-Sept
Christo Boucher	083 293-0611	19-Sept
Isabel Loock	082 333-9570	19 Sept
Barry van Biljon	082 852-2928	19-Sept
Eben Gerber	083 317-2434	20-Sept
Annelize van Loggerenberg	083 271-6686	20-Sept
Jan Barwise	072 587-8910	21-Sept
Benita de Wet	071 689-8660	23-Sept
Amanda de Meyer	081 846-2856	24-Sept
Joffie Marx	072 151-0372	24-Sept
Etienne Theron	079 796-3295	24-Sept
Michellée Barwise	072 064-8459	25-Sept
Johan Olivier	074 622-5474	26-Sept
Jaco Bredenkamp	072 573-0306	28-Sept
Soné Botes	084 320-3840	29-Sept
Annaline Roberts	072 234-9132	30-Sept

Johan de Wet	062 026-4161	01-Okt
Maartin Scholtz	083 400-5253	02-Okt
Judith Coertse	076 457-1045	03-Okt
Jennefer van der Westhuizen	061 479-2663	04-Okt
Petro Eckley	083 815-5586	06-Okt
Joyce Jacobs	084 200-1342	06-Okt
Rienie Jordaan	072 264-4532	08-Okt
Johan Calitz	083 379-7816	09-Okt
Carl Potgieter	083 700-0262	10-Okt
Marlize Uitenweerde	082 334-17	13-Okt
Brian Douglas	071 679-5265	16-Okt
Bennette Meyer	083 291-1431	16-Okt
Issie Koekemoer	084 882-2705	17-Okt
Nicky Kriel	082 727-8286	21-Okt
Wikus Viljoen		21-Okt
Johan van Zyl	082 821-8647	23-Okt
Fritz Nel	084 468-1927	24-Okt
Willem van Tonder	082 947-4044	25-Okt
Daniel de Jongh	083 421-6336	28-Okt
Tilla van Zyl	071 591-6330	28-Okt
James Cunningham	078 422-8209	29-Okt
Dian Botha	082 083-8001	30-Okt
Johan Volschenk	083 337-5710	30-Okt

Gelukkige Huweliksherdenking

Johan en Tilla Van Zyl	01-Aug
Cobus en Hetta Bam	05-Aug
Jopie en Hannie Luczyn	05-Aug
Marthinus en Hester Schamrel	07-Aug
Andre en Jolene Pienaar	08-Aug
Brian en Debbie Douglas	09-Aug
Johan en Carla Harmse	13-Aug
Chris en Santjie Kleingeld	24-Aug
Deon en Mari-Louise Buys	25-Aug
Eben en Cynthia Gerber	28-Aug
Fritz en Mina Nel	28-Aug
Etienne en Hester Theron	30-Aug
Deon en Talita du Plessis	31-Aug
Johan en Tina Volschenk	03-Sept
Shaun en Bonita Gertzen	04-Sept
Hannes en Joyce van Heerden	10-Sept
Johan en Chantal du Plessis	11-Sept
Johan en Jakkie van Der Walt	11-Sept
Alan en Alta Morgan	12-Sept
Barry en Liezel van Biljon	14-Sept
Christo en Trudie du Randt	18-Sept
Attie en Benita de Wet	23-Sept
Etienne en Lydia Human	24-Sept
Daniel Maria de Jongh	27-Sept
Johan en Jacqueline de Wet	30-Sept
Bennette en Georgie Meyer	21-Okt
Jan en Michellée Barwise	30-Okt

DEPARTEMENTE...

Presiderende Pastoor

Pastoor Gérard Botha
082 446-5303

Vroueaksie

Pastoor Belinda Botha
084 565-9099

Credo Jeug

Damian Pienaar
084 490-8387

Credo Kidz

Pastoor Belinda Botha
084 565-9099

Credo Seniors

Pastoor Jacques Uitenweerde
071 396-7432
Hannie Luczyn
060 905-8480

Kruistog

Eben Gerber
083 317-2434

El Saddai Berading

Brigitte Lombard
082 446-7694

IN KONTAK...

Kerk info

KERKKANTOOR –
Suzette Strydom
Maandae tot Woensdae
08h00 - 12h00
Kantoor nommers :
064 798-9982
073 265-3526

ADRES:
President Steyn straat 20
SE 1
Vanderbijlpark
1911

EPOS:
adminsuid@mweb.co.za

WEBTUISTE:
www.deocredo.co.za

FACEBOOK:
Deo Credo Familie Kerk

BANKBESONDERHEDE
Standard bank
Deo Credo
Tjek rekening: 021 894 981
Takkode : 014-737

Liewe Deo Credo Familie

Namens Pastore Gerard, Belinda en die Deo Credo Familie Kerk se Bestuur wil ons net BAIE DANKIE sê aan elkeen van u vir u volgehoue finansiële ondersteuning.

Sonder u ondersteuning sal ons nie in staat wees om alles te kan doen wat ons doen nie.

Dankie vir elkeen se opoffering en bereidheid om te help as ons u hulp nodig het.

Ons is voorwaar vennote in die saak, en ons sien uit om nog ‘n lang pad saam te stap.

Weet dat elkeen van u opreg waardeer word.

Mag die Here u ryklik seën.

Breekware, tafeldoeke en tafels

Let asseblief daarop dat geen breekware, tafeldoeke of tafels voortaan meer uitgeleen sal word nie, maar dat dit sleg uitverhuur gaan word.

Baie dankie

Deo Credo Bestuur